

## Vraag 32: Wat beteken Jesus Christus se wederkoms vir jou?

Materiaal vir stiltetyd, kleingroepe of families.

Vertel vir mekaar verhale van vriende of familie wat kom kuier na 'n lang afwesigheid. Hoe laat dit julle voel? Wat doen julle saam?

### RUS

Gebruik Openbaring 21:3-4 vir persoonlike nadenke of as openingsgebed: "Ek het toe 'n kragtige stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die tentwoning van God is nou onder die mense opgeslaan. Hy sal by hulle bly, en hulle sal sy volke wees en God sal self by hulle wees as hulle God. Hy sal elke traan van hulle oë afvee en die dood sal glad nie meer bestaan nie. Ook hartseer of smartkrete of pyn sal glad nie meer bestaan nie. Die ou dinge het verbygegaan." (NLV)

### HOOR

#### 1. Wat beteken Jesus Christus se wederkoms vir jou?

#### 2. Lees my antwoord en oordink dit.

**Jesus Christus sal weer kom om my saam met al die uitverkorenes na Hom in die hemel te neem.** Ek kan daarom in alle droefheid en vervolging volhard omdat Hy alle vervloeking van my weggeneem het en al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.



#### 3. Lees Paulus se verduideliking van die wederkoms van Jesus in 1 Tessalonisense 4:13-18. Wat tref jou?

#### 4. Lees my opmerkings daaroor. Oordink dit.

*Jesus keer terug om ons na Hom in die hemel te neem*

Paulus wil nie hê ons moet treur oor gelowiges wat sterf nie. Ons het die troos van 'n toekomsvooruitsig. Ons glo dat Jesus gesterf én opgestaan het. Daarom glo ons dat God die dooies wat in Jesus geglo het, saam met Jesus sal terugbring. Ons wat bly lewe tot wanneer die Here terugkeer, het nie 'n voorsprong nie. Die Here sal self uit die hemel neerdaal. Die dooies wat aan Christus behoort, sal opstaan. Daarna sal ons wat bly lewe het, saam met hulle op wolke die lug in weggevoer word om die Here te ontmoet en vir altyd by Hom te wees.

### LEEF

Dink na oor geliefdes wat al by die Here is. Hoe troos hierdie gedeelte julle? Deel dit met mekaar.

Hoe beïnvloed die wederkoms jou manier van lewe? Deel dit met mekaar.

**5. Lees die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 42 en 52 oor die nut van die wederkoms van Christus en dink na oor die betekenis daarvan vir jou.**

*42 Vraag: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?*

Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).

(a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.

*52 Vraag: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?*

Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag (a) wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggenem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b), maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid saamneem (c).

(a) Fil 3:20; Luk 21:28; Rom 8:23; Tit 2:13; 1 Tess 4:16. (b) Matt 25:41; 2 Tess 1:6. (c) Matt 25:34; 2 Tess 1:7.